# Switsers gered

• **Des Erasmus**

'n REDDINGSGESELSKAP van Uis het twee toeriste van Zürich in Switserland gisteroggend om drieuur langs die pad na Brandberg-Wes bereik nadat hulle Dinsdag ure lank in die Messumkrater van Damaraland gestrand was. Bygestaan deur die polisie is hul huurvoertuig ook uit die diep sand van die krater gesleep.

Toe 'n geselskap bestaande uit me. Wilna de Klerk, mnr. Piet van Rooyen en die polisie van Uis mnr. en me. Pascal en Andrea Zurkirch bereik het, was hulle reeds ure sonder water. Hulle het vertel dat hulle op 'n tweespoorpaadjie verdwaal het en dat hul motor toe tot teen sy aste vasgeval het. Hulle het die ganse dag van elfuur die oggend tot sesuur die aand vergeefs gesukkel om hul motor uit te kry.

Hulle het toe in die rigting van die pad van Uis na die ou Brandberg-Wesmyn begin stap. Net hul staptog het oor 'n geskatte afstand van 20 km gestrek.

Oor hul ontbering het mnr. Zurkirch gesê hulle het doelbewus nie in die dag in die woestynson probeer stap nie. Toe die soekgeselskap hulle by die sogenaamde Olifantklip sowat 40 km van Uis langs die pad gekry het, het mnr. Zurkirch in trane uitgebars. Volgens hom het hy verkeerdelik aanvaar dat hulle in 'n viertrekvoertuig gery het.


Toe die soekgeselskap hulle bereik het, was mnr. Zurkirch net in 'n T-hempie en 'n kortbroek geklee. Mev. Zurkirch het 'n ligte baadjie oor dieselfde kleredrag aangehad. Sy is swanger.

Me. Wilna de Klerk het gister op Uis aan *Republikein* gesê mnr. Zurkirch het 'n internasionale noodnommer met sy selfoon geskakel en die koördinate verstrek van die plek waar hulle in nood verkeer het. Die koördinate is weer deur mnr. Jan Kritzinger aan me. De Klerk verstrek.

Me. De Klerk het terug op Uis warm badgeriewe en slaapplek aan die paartjie gegee. Omstreeks vieruur gisteroggend was hulle in die bed.

Die toeriste se motor het nie skade opgedoen nie en hulle het gister hul reis na Swakopmund voortgesit. Van Swakopmund gaan hulle Sossusvlei oor Solitaire besoek. Daarna gaan hul toer in die rigting van Aus en dan die Kalahari strek voordat hulle na Windhoek gaan terugkeer waar hulle 'n vliegtuig huis toe sal haal.

Vir die egpaar was dit 'n wittebroodsreis.



■ Mnr. en me. Pascal en Andrea Zurkirch veilig terug op Uis. Hulle was net in ligte drag in 'n koue woestynnag toe 'n geselskap hulle gisteroggend om drie-uur bereik het. Foto: Wilna de Klerk